Saterdag **20 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 1:1-9**

**Fokusgedeelte: Hosea 1:2-9**

**’n Huwelik en gesin en die Here se oordeel en genade**

Hoe sou ’n huwelik en gesin lyk waardeur die Here ’n boodskap aan sy kerk wou tuisbring? ’n Uiters voorbeeldige, modelgesin?

Die Here het vir Hosea, sy profeet, opdrag gegee om ’n straatvrou te neem wat buite-egtelike kinders het. Die rede: sy gesin moes ’n spieël wees waarin die volk hulle ontrou aan die Here afgebeeld kon sien. Hulle was besig om die Here se oordeel op hulle te haal.

Drie keer het Hosea se vrou, Gomer, swanger geword. Sy het vir Hosea ’n seun in die wêreld gebring. Hosea moes hom Jisreël noem. Jisreël beteken: God saai. Jisreël klink baie na Israel. Koning Jehu van Israel het in opdrag van die Here die seuns van Agab in Jisreël doodgemaak. Dit was ’n bloedbad. Daarvoor sou die huis van Jehu boet. Hulle koningskap sou tot ’n einde kom. Die leër van Israel sou in die vlakte van Jisreël vernietig word. God sou onheil vir Israel saai.

Gomer het toe die lewe geskenk aan ’n dogter, genaamd Lo-Rugama (nie-ontferming). Die Here sou Hom nie weer oor Israel ontferm, hulle sonde vergewe nie. Tog is daar ’n positiewe noot. Hy sou Hom wel oor Juda ontferm; hulle wonderbaarlik red.

Gomer het toe weer ’n seun gekry. Sy naam: Lo-Ammi (nie my volk nie). Met hierdie naam waarsku die Here dat sy volk daarop afstuur dat hulle weens hulle ontrou nie meer sy volk sou wees nie.

Hoe lyk ons in die spieël van Hosea 1? Ten spyte daarvan dat ons die Here se oordeel verdien, ontferm Hy Hom in genade op grond van Christus se verdienste oor ons. Selfs die aankondiging van komende oordeel bied geleentheid om tot inkeer te kom en die Here ons God onder leiding van sy Gees getrou te dien.

*Sing: Psalm 51-2:1*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*